Verwysing: 20160916-4264
6/2/2/1
Navrae: V Madasi

Omsendbrief: 0043/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare en toepaslike spesiale skole

Kort opsomming: *Aanlynstelsel vir die identifisering van werkboektekorte en -oorskotte vir Januarie 2017.*

Onderwerp: Aanlynstelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2017

1. Omsendbrief 0029/2016 het gemeld dat werkboeke vir graad R- tot 9-leerders vir die eerste 6 maande van 2017 by alle openbare skole afgelewer sal word. Hierdie werkboeke is vir volle aflewering teen 22 September 2016 geskeduleer. Die graad R-werkboeke bestaan uit Boek 1 en 2 (1ste en 2de Kwartaal) en die graad 1- tot 9-werkboeke bestaan uit Volume 1 (1ste en 2de Kwartaal).

2. Ten einde werkboektekorte en -oorskotte vir graad R tot 9 te identifiseer, moet alle skole tussen 24 en 28 Oktober 2016 toegang tot SOBIS verkry. Gedurende hierdie tyd moet skole hul geraamde leerdertalle vir 2017 asook die totale getal werkboeke wat per vak vir graad R tot 9 ontvang is, op SOBIS vaslê en afteken.

3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry is, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklysie en dan die "Welcome and guidelines"- of "Capture"-skerm.

4. Die volgende persone kan gekontak word indien jy bystand met die vaslegging van jou besonderhede en die aftekenproses benodig:

   Vuyelwa Madasi (tel. no. 021 467 2108 of e-posadres Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za

Bongiwe Nkwali (tel. no. 021 467 2221 of e-posadres
Bongiwe.nkwali@westerncape.gov.za

Kashiefa Sedien (tel. no. 021 467 2553) of e-posadres
kashiefa.sedien@westerncape.gov.za

5. Sodra al die skool se werkboekbesonderhede vir die spesifieke fases vasgelê is, moet die aftekenproses voltooi word.

6. Die inligting wat rakende werkboektekorte en -oorskotte ingewin is, sal beskikbaar gestel word aan distriksamptenare wat vir die fasilitering en verspreiding van werkboektekorte en -oorskotte verantwoordelik sal wees.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeellede.

GETEKEN: BK SCHREUDER
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-10-06